SUSTAINABILITY INITIATIVE OF SOUTH AFRICA

Tel: +27 (21) 852 8184 * SIZA Helpline: 086 1111 568 * **Address**: Section 21, Trident Business Park, Niblick way, Somerset West 7130
info@siza.co.za * www.siza.co.za
NPC 2016/167673/08 / PBO No. 930056818

31 Oktober 2018

Beste SIZA-lid

SEDEX: MARK-SIGBAARHEID

Sedex-sigbaarheid was vir 'n aantal jare gratis en ingesluit by die SIZA-lidmaatskap. Sedex is 'n wêreldwye platform wat deur die meeste Britse kleinhandelaars gebruik word om sigbaarheid op oudit-data van produsente te verkry. Sedert die ontstaan van SIZA, is oudit-data gratis oorgedra na die Sedex-platform as deel van die wedersydse erkenningsooreenkoms tussen SIZA en SMETA.

Sedex het nou aangekondig dat vanaf 1 November 2018 'n jaarlikse lidmaatskapfooi per plaas gehef gaan word, asook 'n fooi per oudit wat op Sedex gelaai gaan word. Weens die ooreenkoms tussen SIZA en SMETA, was SIZA in 'n posisie om die onderstaande spesiale tarief vir SIZA lede te onderhandel:

Item	Sedex Fooi vir lede wat direk by Sedex lid is (afhangende van die wisselkoers)	Jaarlikse Sedex-sigbaarheid fooi per lidmaatskap - vir beide kategorieë (SIZA lede)
Jaarlikse Sedex fooi per perseel/lid	£100 (R1 850)	R1 500
Fooi per SIZA oudit wat op Sedex gelaai word	£200 (R3 700)	

Hierdie fooi is natuurlik net van toepassing as u Sedex sigbaarheid benodig. Indien u onseker is, kontak asseblief u uitvoerder / invoerder / handelaar vir duidelikheid en laat SIZA asb. **op die laatste teen 30 November 2018,** weet. Indien ons nie bevestiging van u ontvang nie, sal die nuwe Sedex fooi, wat deur Sedex via SIZA gehef word, outomaties by u lidmaatskaprekening gevoeg word as u n profiel op Sedex het. Dit is belangrik dat u kennis neem dat die Sedex fooie nie deel is, of verwant is aan SIZA fooie nie en direk aan Sedex oorbetaal sal word om sigbaarheid vir die betrokke plaas te verseker.

Indien u nie Sedex sigbaarheid benodig nie, moet u ons asb. dienooreenkomstig in kennis stel, sodat ons u profiel op Sedex kan verwyder. Neem asb. in ag dat dit baie moeilik sal wees om dit weer te herskep nadat dit verwyder is, aangesien die inligting verlore sal wees.

Die ooreenkoms tussen SIZA en Sedex tree vanaf 1 Februarie 2019 in werking. Die jaarlikse Sedex-sigbaarheidsfooi

*Directors: NJ Mudge (Chairman) * A Rabe * IM Kotze * KB Liphadzi * A L Snyman * RC Markie * L Nkombisa*

(R 1500) sal by u jaarlikse SIZA ledegeld vanaf Februarie 2019 gevoeg word, wanneer u, u SIZA lidmaatskap hernu. Dit is daarom baie belangrik dat ons bevestiging rondom u Sedex sigbaarheid, op die laatste teen 30 November 2018, ontvang.

Indien u enige navrae oor bogenoemde het, kontak asb die SIZA kantoor vir meer inligting.

Vriendelike groete.

RETHA LOUW
HUB